# Hoofstuk van die dag: Amos 5

> *Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie! Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos 'n standhoudende stroom. (vers 23-24)*

Jy het waarskynlik gehoor van die Indiese leier Ghandi wat gesê het hy hou baie van Christus en het al oorweeg om 'n

Christen te word, maar as hy na die Christene se optrede kyk, stel hy nie meer belang nie. Of iemand wat sê hy kom nie kerk toe nie, want die ouderling wat so vroom Sondae in die kerk sit, is ’n monster by die huis en by sy werk.
Dis waaroor dit hier gaan. Daar was nie ’n korrelasie tussen die Israeliete se godsdiens en hulle daaglikse lewe vol sosiale onreg en uitbuiting nie.
Die Bybelse boodskap is van die begin af een van liefde vir God én liefde vir die naaste, soos Jesus in Matt 22:36-40 dit helder uitspel. Die een kan nie sonder die ander nie. Daarom skryf Jakobus dat jou geloof gedefinieer word deur jou optrede teenoor jou naaste (Jak 2:24).
Ons weet dit almal. Die vraag is of ons dit leef.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026